## AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
("**Agribel" of "die Maatskappy")**

## KENNISGEWING VAN VERKIESING VAN DIREKTEURE

Agribel, die meerderheidsaandeelhouer in Senwes Beperk, nooi hiermee aandeelhouers om nominasies in te dien vir kandidate op die direksie van Agribel Beherend Beperk.

**1. UITTREDE INGEVOLGE DIE AKTE VAN OPRIGTING VAN AGRIBEL ("AKTE")**

Ingevolge die rotasiebepalings van die Maatskappy se Akte, tree mnre NDP (Nico) Liebenberg en GL (Gert) Malherbe op die komende Algemene Jaarvergadering uit as direkteure van die Maatskappy. Gevolglik sal twee vakatures by die komende Jaarvergadering ontstaan wat gevul moet word.

Beide mnr Liebenberg en mnr Malherbe het hulself herverkiesbaar gestel vir 'n volgende ampstermyn van drie jaar onderhewig aan die Akte.

**2. NOMINASIES**

2.1 Skriftelike nominasies deur aandeelhouers van die Maatskappy word hiermee in terme van die Akte aangevra van persone wat vir die vul van genoemde twee vakatures benoem moet word.

2.2 Nominasies moet gedoen word op die voorgeskrewe nominasievorm wat op aanvraag by Senwes se hoofkantoor (die Senwes Maatskappysekretaris). Die nominasie vorms kan per e-pos verkry word by die volgende e-pos adresse: Elmarie.Joynt@senwes.co.za en / of Claudi.Smit@senwes.co.za.

2.3 Elke nominasie moet onderteken word deur 'n voorsteller (*wat 'n aandeelhouer van Agribel moet wees en nie die genomineerde mag wees nie*) en agt sekondante (*wat ook aandeelhouers van Agribel moet wees*). Meer as een vorm kan gebruik word per nominasie en vorms kan ook elektronies onderteken word in PDF formaat.

2.4 Elke voorsteller en sekondant mag soveel persone benoem en sekondeer as wat daar vakatures is wat gevul moet word.

2.5 'n Genomineerde hoef nie enige aandele in die Maatskappy te hou nie, maar moet in terme van die Akte en die Maatskappywet bevoeg wees om as 'n direkteur te dien en mag nie 'n besigheid of bedryf in konkurrensie met Senwes Beperk of enige van die besighede in die Senwes Groep nie of enige besigheid wat deur Senwes of enige lid van die Senwes Groep bestuur word nie.

2.6 Nominasies sluit op **Vrydag, 22 April 2022 om 16:00** en voltooide nominasie vorms moet die kantoor van die Senwes Maatskappysekretaris by onderstaande adres bereik voor of op gemelde datum en tyd. Nominasie vorms kan per e-pos ingedien word by die volgende e-pos adresse: Elmarie.Joynt@senwes.co.za en / of Claudi.Smit@senwes.co.za.

**3. VERKIESING**

Indien meer as twee kandidate genomineer word, sal 'n buitengewone algemene vergadering van die Maatskappy gehou word op **Vrydag, 27 Mei 2022,** op 'n tyd en plek wat mettertyd aangekondig sal word, met die doel om deur 'n besluit van aandeelhouers twee direkteure te verkies.

Indien meer as twee kandidate genomineer word, sal elk van die kandidate versoek word om 'n volledige skriftelike C.V aan die Maatskappysekretaris te voorsien.

## 4. RIGLYNE VIR NOMINASIES

Ingevolge die Akte wat die beginsels van die KING IV Verslag op Korporatiewe Beheer onderskryf moet aandeelhouers wat nominasies oorweeg die volgende vereistes in ag neem en nakom:

'n Genomineerde:

4.1 behoort hoëvlak sakekennis en begrip van besigheidspraktyke te hê;

4.2 behoort oor die vermoë te beskik om sinvolle en ingeligte besigheidsbesluite te kan neem en konstruktief deel te neem aan die besprekings en besluite van die Raad van Direkteure van die Maatskappy;

4.3 moet 'n persoon met onkreukbare integriteit wees, 'n sterk sin van etiese waarde hê en deurentyd die beste belang van die Maatskappy dien;

4.4 behoort voldoende tyd beskikbaar te hê om aan die sake van die Maatskappy te spandeer; en

4.5 is nie verplig om aandele in Agribel te hou nie en hoef nie noodwendig woonagtig te wees in Senwes se bedieningsgebied nie, hoef nie ‘n boerdery te bedryf nie of aan die landbousektor verbonde te wees nie.

Genomineerde kandidate sal verplig wees om 'n openlike gesprek te voer met die Maatskappy se Onder-Voorsitter oor die verwagtinge van die kandidaat asook dié van die Maatskappy.

Omdat verkose kandidate ingevolge die Akte ook op die Senwes Raad van direkteure sal dien, sal kandidate versoek word om met die Senwes Nominasiekomitee gesprek te voer wat volgens die Maatskappywet hul moet vergewis dat kandidate aan die voorgeskrewe vereistes voldoen.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

***AE Scholtz***
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**
Agribel Beherend Beperk
Charel de Klerkstraat 1
Posbus 31
Klerksdorp
2570

**18 Maart 2022**

**Tel no. 076 212 1776**

---

***Navrae kan ook gerig word aan:***

***EM Joynt (Mev.)***
**SENWES MAATSKAPPYSEKRETARIS**
Senwes Beperk
Charel de Klerkstraat 1
Posbus 31
Klerksdorp
2570

**Tel no. 083 440 1345**